**Volks Konsilie – Vryburg 2025**

<u>TEMA:</u>

Josua 2:24 saamgelees met die herstel van die Boererepublieke

https://youtu.be/KeiLtCUSbao?si=zlrQvMwrekvkEjbw

Hierdie besprekingspunt handel oor die herstel van die boererepublieke saam gelees met Joshua 2:24.

U sal merk dat ek die oorsprontlike Hebreeuse name van ons Hemelse Vader gebruik, wat in die plek van "die here" Yahweh is en in die plek van "god" Elohim is.

Jos 2:24 Verder het hulle vir Josua gesê: Sekerlik gee die HERE die hele land in ons hand, ja, al die inwoners van die land bewe selfs vir ons.

Die enigste gevolgtrekking wat ek hieruit kan maak is dat Vader Yahweh vir ons se Hy sal vir ons die hele land terug gee, nie net 'n stukkie nie, nie net Orania of die Weskaap of n Volkstaat nie. Die hele land! En die inwoners van die land bewe selfs vir ons!

Iets wat die laaste tyd vir my baie opvallend was, is hoe die leiers van die volk na die owerhede van die wereld toe hardloop vir hulp, ek kan net my kop in skaamte sak as ek dit aanskou. Dis die tipe leiers wat ons vandag het. Lykmy hulle het nie n idee wie ons is nie, ons voorouers het nie by Bloedrivier na die wereld magte toe gehardloop vir hulp nie. Hulle het hulle verootmoedig en n gelofte afgele en vir Vader Yahweh gevra vir hulp. Ook nadat Engeland, Transvaal geanekseer het, het hulle

by Paardekraal bymekaar gekom en weer ‘n gelofte gemaak en vir Elohim vir hulp gevra. Ons voorouers was nie mense wat op prinse vertrou het nie. Duidelik weet die volk se leiers nie wie ons is nie.

**Jes 3:12** Die drywers van my volk is kinders, en vroue heers oor hulle. o My volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot ‘n dwaalweg gemaak.

Dis hartseer om dit te se maar die volk se leiers het verleiers geword, en ken nie hulle geskiedenis nie. Die leiers moet miskien mooi gaan sit en dink of hulle met die regte ding besig is en die wat gelei word moet ook begin kyk of is die leiers hulle sout werd.

Hiermee n stukkie geskiedenis om u geheu te verfris van wie ons is en hoe die republieke tot stand gekom het.

Ons is die nageslag van die nederlandse setlaars wat saam met Jan van Riebeeck in die kaap aangekom het, maar nadat brittanje die kolonie in die 1800s oorgeneem het, het dinge vir die boere begin skeefloop. En het hulle besluit om die binneland in te trek om onder die Engelse regering se juk uit te kom.

Om vir u n idee te gee watse tipe mense hierdie was wil ek net aanhaal uit ‘n brief wat die Kaapse Goewerneur, sir Benjamin D’Urban in 1837 aan lord Glenelg, die britse koloniale staatsekretaris in londen, geskryf het.

“Dit is bitter jammer dat ,n groot gedeelte van die boere wat die Kaapkolonie verlaat het van die vatsoenlikste inwoners was van die distrikte waaraan hulle behoort het en dat die vertrek van hierdie

onverskroke, geduldige, arbeidsame, ordentlike en godsvresende mense n onberekenbare verlies vir die kolonie beteken."

Die idée van die boererepublieke het sy ontstaan oorsprontlik gehad toe Piet Retief vir die kaapse goewerneur n brief geskryf het oor alles waaroor hulle ontevrede was en daarin meld hy dat hulle as n vry en onafhantlike volk erken wil word.

Na die skade wat die voortrekkers gelei het met die moord op Piet Retief 6 Februarie en met die slag van Weenen en Bloukrans op 16 Februarie 1838 is besluit om n kommando op te roep om dingaan te gaan straf om so hulle pad oop te kry sodat hulle veiliger hulle trek kon voort sit. Nadat die straf kommando die gelofte afgele het en Elohim hulle op 16 Desember 1838 die oorwinning gegee het, het die trekkers weer moed geskep om aan te gaan. Maar min het hulle besef watse verantwoordelikheid hulle teenoor Elohim gehad het met die onderhouding van die gelofte. Alles het verder redelik goed gegaan met hulle trek die binneland in. Die boerepublieke is toe gestig en in 1852 het Engeland die onafhantlikheid van Transvaal aanvaar en in 1854 die van die Oranje-Vrystaat.

Na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het hulle moeilikheid van vooraf begin en kon die engelse nie hulle gierigheid inhou nie en in 1877 anekseer Engeland die Transvaal. Op 16 Desember 1880 breek die Eerste Anglo-Boereoorlog uit nadat hulle die gelofte vir die eerste keer in 40 jaar as volk betaal en toe wen hulle die oorlog met die slag van Majuba en kry hulle die republieke terug.

Op 11 oktober 1899 breek die Tweede Anglo-Boereoorlog uit nadat hulle weer nalaat om die geloftes te betaal en die boere moes op die ou end oorgee in 1902.

In kort is dit die geskiedenis van wie ons is en hoe die boererepublieke ontstaan het. Hier kan ons sien dat n gelofte gemaak is met die slag van Bloedrivier en Elohim gee vir hulle die oorwinning en hulle kon toe die boererepublieke stig. Maar hulle verloor dit weer toe hulle nalaat om die gelofte vir 40 jaar te betaal. Maar na hulle die gelofte by Paardekraal betaal gee Vader na 11 weke vir hulle die oorwinning by Majuba. Waarna hulle die republieke weer verloor omdat hulle weer nagelaat het om die geloftes te betaal.

Hier kan mens mos 'n patroon sien van hoe die republieke vroeër herstel is. Dis eintlik maklik, betaal net die geloftes.

Moet ons nie miskien weer die manier probeer nie? Is dit nie hoekom Vader vir ons hierdie besprekingspunt gegee het sodat ons net mooi moet gaan sit en dink en besef hierdie pad wat die leiers van die volk inslaan om die wereld magte te gaan smeek vir hulp is verkeerd nie. Die geskiedenis herhaal homself, ons kan mos sien hoe het Vader vir ons voorouers die republieke herstel. Hoekom moet ons n ander rigting inslaan?

Die manier waarop ons voorouers die repeblieke herstel het sal dan ook die enigste manier wees waarop ons die republieke kan herstel. Want ons is gebind aan die geloftes en ons kan nie daarvan loskom nie. Sien hierdie is Gelofteland ja dis Elohim se land!

**Prd 5:4** (5:3) As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe.

**Deu 23:21** As jy aan die HERE jou God 'n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want die HERE jou God sal dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word.

Hier kan ons dan ook uit 'n bybelse oogpunt die belangrikheid sien om die geloftes te ondehou. Duidelik kan mens sien dat dit sonde is om nie te betaal wat jy belowe het nie en dan kan mens ook beter verstaan hoekom ons voorouers elke keer die republike verloor het as hulle nie die gelofte betaal het nie, ja Vader het dit van hulle geëis!

Mens kan seker dan ook vra maar hoekom het Elohim nog nie die republieke herstel nie, want daar is mos mense wat die gelofte by Paardekraal betaal?

Daar staan in die Paardekraal gelofte ons as VOLK moet elke jaar die gelofte by Paardekraal betaal. Die hele volk moet by Paardekraal die gelofte betaal. Nie net n paar mense nie. Is dit te veel gevra? Baie mense kan dit bekostig om vakansie te gaan hou in desember maar hulle kan dit nie bekostig om by Paardekraal hulle gelofte te gaan betaal nie of hulle het dalk nie tyd nie, wat is belangriker? Ja, hulle kan fondsinsamelings hou om 'n afvaardiging te stuur om vir die wereld magte te gaan vra vir hulp. Plaas hou hulle fondsinsamelings om volksgenote by Paardekraal te kry om die gelofte te betaal sodat ons die boererepublieke kan herstel! Dan sal Elohim vir ons die HELE land gee! Ons is verbind aan hierdie geloftes en ons kan onsself nie daarvan los maak nie. As ons nie daarmee wil vereenselwig nie dan wil ons nie met die vryheid van die volk vereenselwig nie.

Watse voorreg is dit nie om te kan se ons is die enigste volk op aarde wat ‘n golofte het wat ons bind met die Skepper van hemel en aarde nie. Hoe blind moet mens wees om nie die voorreg te kan insien nie.

Ons as volk staan op die punt om alles te verloor. Aan die een kant probeer hulle ons grond vat met die onteiening sonder vergoeding wet en aan die ander kant probeer hulle die regte wat ons het om ons kinders te onderrig te vat met die bella wet. Ook probeer hulle ons nog verder uit dun deur vir ons vlugtelingstatus aan te bied in ander lande. Om vlugtelinge te word kan ons egter nie want dit is nie wie ons is nie en dis nie wie ons voorouers was nie.

Die herstel van die boererepublieke is ook baie belangrik want dit is hier waar die vrou van Openbaring 12:6 onderhou sal word vir drie en ‘n halwe jaar.

Ek wil ook vir u van Oom Siener se visioene aanhaal wat daarop wys dat die republieke herstel sal word. Hy se hy sien die vierkleur wapper weer.

Hy sien ook hoe ons die vyand uit die land verdryf nadat ons by Prieska was.

Hy sien ook ons kry ‘n volmaakte republiek van n volmaakte Elohim en hy sien hoe die wit tente staan van mense wat van ander lande af hierheen gaan vlug. Dit alles dui daarop dat die republieke herstel gaan word.

Hierdie is egter n wekroep. Ons as volk moet die Gelofte by Paardekraal betaal dis al hoe ons die republieke kan herstel en ons vryheid terug kan kry.

Dankie.

Hansie Swanepoel